UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
24 MAR 53
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

Beter Diens

FIETSE
RADIOS ens.

**H. VILJOEN**
**Pleinstraat**

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)

Deel VII, Nr. 1 — VRYDAG, 13 MAART 1953 — Prys 3d.

Vir Alles Tuisgemaak Kom na

**DIE UITSPAN**

Ons Reël Partytjies en Dinees.

Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.

# HOOGTEPUNTE VAN JOOL

## Lombard Verskaf Besonderhede

**DIE eerste hospitaaljool van die studente van die Universiteit van Stellenbosch bereik op 11 April sy hoogtepunt wanneer agt-en-twintig sierwaens deur die strate van die Noordelike Stadsgebiede sal ry.**

**Mnr. Piet Lombard, voorsitter van die Joolkomitee, het in 'n onderhoud met DIE MATIE besonderhede in verband met die optog en die daaropvolgende gebeure verskaf.**

## OOREENKOMS MET IKEYS

**Agt-en-twintig sierwaens sal in die vroeë oggend van 11 April na die Noordelike Stadsgebiede vertrek. Die bedoeling is om daardie oggend om halfnege op die grens van Bellville te wees.**

Daarvandaan sal die prosessie stadig deur Bellville, Parow en Goodwood gaan.

Daar is 'n ooreenkoms met die Universiteit van Kaapstad aangegaan dat hulle nie oor die grens van Goodwood sal gaan nie, terwyl Stellenbosch hom weer by die Noordelike Stadsgebiede sal beperk.

Die Ikeys mag dus ook nie hulle Joolblaaie in die Noordelike Stadsgebiede verkoop het.

Die persone wat gaan kollekteer sal daardie oggend om vieruur reeds met vragmotors na die Noordelike Stadsgebiede vertrek. Die kollektante sal by bushaltes, stasies, kruispaaie, ens. geplaas word.

Later in die oggend sal twee vragmotors met kollektante na Durbanville vertrek. Hierdie persone sal nadat hulle klaar gekollekteer het, weer by die sierwaens aansluit.

### MOTORISTE

Terwyl die vlotte stadig deur Voortrekkerweg beweeg, sal sommige kollektante by die personeel van die verskillende sake-ondernemings kollekteer, terwyl ander weer van huis tot huis sal kollekteer.

Daar is ook goeie planne beraam om die motoriste voor te keer!

Op die terugreis sal die sierwaens ook stadig deur Kuilsrivier beweeg en daar sal dan ook weer gekollekteer word.

Die plan is voorlopig om die sierwaens by hul terugkeer in Stellenbosch, op 'n sentrale plek byeen te bring. Hier sal dan verversings aan die studente bedien word.

### VOETBALWEDSTRYD

Daarna sal die sierwaens na Coetzenburg vertrek waar daar voetbalwedstryde tussen Noordelikes en Stellenbosch afgespeel word. Die spel sal onderbreek word en die vlotte sal om die veld beweeg.

By hierdie geleentheid sal die kollektebussies ook nie agter bly nie.

Daardie aand sal 'n verskeidenheidsprogram vanaf 8 nm. op Coetzenburg aangebied word. Die eerste halfuur sal deur gimnastiekvertonings en die tweede halfuur deur boks- en stoeigevegte in beslag geneem word.

Hierna sal daar 'n pouse van 'n halfuur wees en by hierdie geleentheid sal daar verversings aan die toeskouers aangebied word.

'n Aantreklike program volg waarin bekende kunstenaars soos Koos van die Kelehêrie sal optree.

## Wie Gaan Bou?

- Die sierwaens gaan die ontstaan en die bestaan van die Universiteit voorstel.
- Koshuise gaan afgepaar word sodat elke manskoshuis saam met 'n dameskoshuis werk.
- Die Huiskomitee van elke koshuis sal 'n vlotte-konvener aanstel. Hierdie konvener sal reël vir persone om te help bou.

## VOLENDAMMERS



*In Volendam maak mens soos die Volendammers maak! Aldus hierdie vyf lede van die A.S.B.-toer na Europa. Hulle is van links na regs: Charles Heatley, Boy Pienaar, Rose-Marie Hofmeyer, Marietjie Hugo en Gert Möller.*

# LYDIA—„FYNE MEISJE"

**DIE naam van 'n waardige vrou, Professor Lydia van Niekerk, word gedra deur Stellenbosch se grootste en modernste dameskoshuis, Huis-Lydia, wat opgerig is weens die gebrek aan voldoende huisvesting vir damestudente.**

Huis-Lydia het reeds volkome 'n deel geword van die studentelewe.

'n Huiskomitee is reeds gekies, die sotinne is sommer van



ENA VISSER

die eerste dag af ingewy in die verborge geheimenisse van Matie-wees, en saans kan die bekende geklap van 'n klippie telkens teen die vensterruite van Lydia gehoor word.

Hierdie gladde inskakeling is grootliks te danke aan die bekwame kombinasie wat die huismoeder, mev. Winnie Morkel, en Ena Visser, die primaria, van die begin af uitgemaak het.

**Ena Visser word bygestaan deur: mejj. Santjie Oberholzer (onder-primaria), Anna Booysen (tesouriere), Sophie van der Merwe, Arina Cloete, Johanna Möller, Herna Badenhorst en Estelle du Plessis (add. lede).**

### „FYNE MEISJES"

Huis-Lydia kan ook vanjaar spog, nie alleen met studente van oor die hele land nie, maar ook met een vanuit Holland.

Mej. Toos van Maanen wat alreeds haar doktorale eksamen afgelê het, voel haar sommer baie tuis in Lydia met al sy „fyne meisjes."

En hierdie „meisjes" was waarskynlik 'n aansporing vir vele mans, want Ena verklaar dat daar 'n geweldige toeloop was gedurende die eerste paar aande!

Miskien was hierdie toeloop ook te danke aan Lydia se groot agterstand by ander dameskoshuise: die gebrek aan 'n telefoon.

### KOMBUIS

Die kombuis waarmee hierdie koshuis spog, bevat die mees moderne uitrusting.

Om die 154 meisies elke dag te voed, is daar 'n koolgasstoof, enig in die Universiteitsgeboue, 'n groentestomer en elektriese borde-opwasser.

Ook die slaapkamers is uiters ruim en gerieflik met hul ingeboue hangkaste, ruim vensters en balkon vir elke verdieping.

### WAGTORING

Baie mense het al met die verbygaan gewonder of daardie aparte geboutjie volgens oud-Hollandse boustyl voor die koshuis ook meisies huisves.

Die huismoeder het Die Matie se verteenwoordiger so 'n bietjie daarin rondgeneem en toe moes hy hoor dat hy nou in haar uitsluitlike heiligdom verkeer.

Met sy mooi outydse meubels, swaar geblomde gordyne en uitstekende uitsig oor die res van die koshuis, maak dit 'n „volmaakte wagtoring uit vir my om oor my dogters se belange te waak," aldus mev. Morkel.

En so het ons Huis-Lydia leer ken, groot en modern, maar tog huislik met 'n aangename atmosfeer.

## Midde-Afrika-toer in Junie

**Die A.S.B. is voornemens om Junie-maand 'n toer te reël na midde-Afrika, wat hoofsaaklik uit 'n besoek aan die Caprivistreek sal bestaan.**

Dié streek is in die Noorde van Suidwes geleë, tussen Bechuanaland, die Angola, en Noord-Rhodesië.

Na Die Matie verneem sal die toer om en by dertig pond kos.

Dit is die plan om die toer 'n studie- of navorsingstoer te maak, vir bv. geoloë en tandheelkundestudente, maar daar sal ook plesierritte wees.

## BELANGRIK

**Alle universiteitsklubs, verenigings, publikasies en sportklubs wat finansiële steun van die Studenteraad gedurende 1953 verlang moet vóór of op Vrydag 20 Maart by ondergetekende daarvoor aansoek doen. Die volgende inligting word verlang:**

**(1) Die bedrag wat die klub of vereniging in 1952 van die S.R. verkry het.**

**(2) Die bedrag vir 1953 aangevra.**

**(3) Die doel waarvoor die bedrag benodig word (volle besonderhede asseblief).**

**(4) 'n Verslag en/of staat van die finansiële toestand van die vereniging.**

**(5) Ander verwagte inkomstebronne.**

**(6) Die naam en adres van die voorsitter/kaptein en sekretaris of tesourier van die vereniging.**

**Hierdie besonderhede is nodig vir die opstel van die begroting. Besture word gevra om net vir soveel geld aansoek te doen as wat hulle werklik nodig het. Die S.R. sal alles binne sy vermoë doen om die verskillende verenigings te help.**

**VERENIGINGS EN KLUBS WIE SE AANSOEKE NIE AAN GENOEMDE VEREISTES VOLDOEN NIE, SAL NIE VIR GELDELIKE STEUN IN AANMERKING KOM NIE.**

**BASIL WUNSH.**
**HUIS-VISSER (KAMER 10).**

# U.S.-Niggie Gekies vir Volkspeletoer

**DIE groot eer het mej. Laura de Kock, een van die staatmakers van die Matie-Volkspelelaer, te beurt geval om gekies te word vir die oorsese toer wat op 17 April 'n aanvang neem.**

Mej. De Kock is een van die groep van 100 volkspelers wat op die uniale volkspelekeuring gekies is om 'n reis van twee maande deur verskeie Europese lande te onderneem ten einde vertonings van Suid-Afrikaanse volkspele te lewer.

Die groep sal in al die vernaamste sentrums van Holland, België, Wes-Duitsland, Denemarke, Swede en die Britse Eilande optree.

**BRAAIVLEISFUNKSIE**

Onder andere sal die Kroningsplegtigheid in Londen bygewoon en 'n braaivleisfunksie op eg boere wyse op die stadsplein van Culemborg gereël word. Al hierdie funksies sal in veelkleurige nasionale drag bygewoon word.

Voordat die groep vanuit Kaapstad vertrek, sal die Administrateur hul op 'n afskeidstuinparty onthaal.

Mej. De Kock, wat 'n begaafde volkspeelster is, het reeds van kleinsaf aan kunswedstryde in Kaapstad en ook verlede jaar aan die Van Riebeeck-fees deelgeneem.

Tans dien sy op die bestuur van die U.S. Volkspelelaer.

Mej. De Kock, afkomstig van Rondebosch, volg die kursus B.A.-H.P.O.D. en Diploma in Voordrag, Spraak en Toneel.


## EERSTEJAARS-UITSTAPPIE

**Die C.S.V. het onlangs weereens hulle jaarlikse eerstejaarsuitstappie na die Strand onderneem. Die doel van hierdie uitstappie is om die eerstejaars nader te laat kennis maak met die C.S.V. en sy werksaamhede.**

Bykans 600 eerstejaars het om 6 vm. na die Strand vertrek.

Die Pikkewyne-span, onder die bekwame leiding van George Wassenaar, was die oorwinnaars in die spele-wedstryd.

## So Begin Die Jaar



## REDAKTEUR TREE AF



*Mnr. CON BOTHA wat aan die einde van verlede jaar afgetree het as redakteur van DIE MATIE, het reeds sedert sy eerste jaar op die redaksie gedien.*

*DIE MATIE wil langs hierdie weg vir CON baie dankie sê vir al sy ywer in verband met die blad. DIE MATIE wil dankie sê vir die hoë standaard wat hy gehandhaaf het en vir sy bekwame optrede as voorsitter van die redaksie.*

*DIE MATIE wens hom alle sukses toe op sy verdere loopbaan.*

*CON is voorsitter van die Langenhoven-Gedenksaalkomitee en lid van die Studenteraad.*

# Alpe-Sprokiesland Betower 42 ASB-Studente

### VIERDE JAARLIKSE TOER NA EUROPA

**TEEN die einde van verlede jaar het die Stirling Castle uit Tafelbaai gevaar met 42 studente aan boord, op pad na Southampton. Dit was die aanvang van die vierde jaarlikse toer van die A.S.B. na Europa, en hierdie keer het vyftien Maties die Eikestad verteenwoordig, waaronder Hitler Hanekom, wat as toerleier opgetree het.**

Die seereis, die nuwe wêrelde wat voor hierdie gelukkige groepie oopgegaan het in die daaropvolgende maande, alles was een groot opwinding van begin tot end.

Eerste was daar die tiendaagse toer deur Engeland en Skotland met twee luukse busse: Oxford, Stratford-on-Avon, die Meerdistrikte . . . . Matie se kind kon sy mond nie toe hou nie!

Kersfees het aangebreek in Londen, witgesneeu, maar tog met 'n flou sonnetjie wat vir die eerste keer in 47 jaar weer op Kersfees in Londen tevoorskyn getree het.

Van Londen is die groep oor na die Hoek van Holland, Den Haag en Amsterdam.

Via die wonder-mooi Rynvallei het hul eindelik in Lucern, Switzerland, aangekom. Die meisies word skoon liries as hul vertel van daardie „sprokiesland" van sneeuwit Alpe aan die soom van groot blou mere.

Hierna het die kunsryke Italië gevolg. Venisië met sy gondolas in die aand, het glo net sterk die manne na Die Laan in ou Stellenbosch laat terugdink.

## STUDENTE SLAAN BRAND

Omtrent halfelf Maandagaand het Dagbreek se huiskomitee 'n versoek om vrywillige brandslaners ontvang en is daar dadelik georganiseer en wakker gemaak.

Op die toneel van die brand het hulle probeer om 'n vuur wat tussen die wingerde gebrand het te keer en het die brandslaners van die geleentheid gebruik gemaak om hulle met druiwe te verfris.

Sondagoggend is die inwoners van die manskoshuise tussen drie- en vieruur die oggend wakker gemaak om 'n brand op Helshoogte te gaan help keer.

By die brand aangekom, moes hulle vind dat die vuur hoog teen die berghelling brand, en dat die bosse onder aan die voet van die berg reeds uitgebrand is, en het hulle na anderhalf uur weer teruggekeer.

## Militêre Parade Môre op Braak

**Môremiddag word 'n parade op die Braak gehou deur die Eerste Opsporingsbattery en Eerste Pantserdivisie-seineskadron, eenhede van die Aktiewe Burgermag.**

Vir sover bekend sal dit die eerste militêre parade wees wat op Stellenbosch gehou word.

Die betrokke eenhede is aan die Universiteit begin om studente in die geleentheid te stel om militêre opleiding gedurende hul studiejare te ontvang.

Die orkes van die Salesian-Instituut sal die eenhede bystaan.

**SALUUT**

Troepe van die eenhede sal vanaf die universiteits-hokkievelde na die Braak marsjeer, alwaar die Burgemeester van Stellenbosch om 3.30 nm. die manskappe sal inspekteer en die saluut sal neem.

Alle studente word uitgenooi om die parade by te woon.

'n Dans sal die aand in die Stadsaal gehou word.



„Dit laat my dink—Suid-Afrika is Leeu-wêreld!"


TUSSEN KLASSE
en
NA FLIEK
Besoek die
**Eike-Kafee**
RYNEVELDSTRAAT

EDRICH
Vir
FOTOGRAFIE
RAAMWERK
KUNS


### Waters waar Rus is

## „Nommer Asseblief!"

So sê die juffrou wanneer ons die gehoorbuis optel. En as ons dan laat volg: „0015 asseblief," verwag ons dat ons na die bepaalde koshuis sal deurgeskakel word.

So is die lewe: 'n mens kry gewoonlik die nommer waarvoor jy vra.

Die universiteit is in meer as een opsig soos 'n telefoonsentrale. Wat ons hier kry sal afhang van wat ons hier kom soek het.

Soms staan die student, veral die eerstejaarstudent, verbysterd voor al die begeerlikhede wat vir hom aangebied word.

As hy verlang na vriendskap en geselskap — hier kan hy dit in oorvloed kry. As hy verstandelike ontwikkeling begeer — hier is hy op een van die beste plekke wat Suid-Afrika kan bied. As hy sy gees wil verryk en sy karakter wil bou — hier is al die geleenthede tot sy beskikking. En as hy sommer 'n lui-lekker lewe wil hê — ook daarvan sal hy hier genoeg tyd en kanse hê.

Ons is hier om met ons geld, ons tyd en ons arbeid iets te koop. Is dit net 'n akademiese graad of is dit iets meer? Die lewe sal baie meer van ons eis as die titel agter ons naam en die kennis in ons hoof.

As iemand 'n mislukking van die lewe maak, ondanks die voorreg van 'n universitêre opleiding, dan is daar gewoonlik net een oorsaak: hy het die woorde van Christus verontagsaam, nl: „sonder My kan julle niks doen nie."

Met watter kennis of ondervinding ons ookal eendag Stellenbosch gaan verlaat, as Christus sou ontbreek, dan het ons by die groot Sentrale van die lewe die verkeerde nommer gevra.

# Die Matie

**REDAKSIE**

HOOFREDAKTEUR: JOZUA VAN DER LUGT (Huis-Visser).

SUBREDAKTEURS:
NUUS: GUSTAV SMIT (P.S.O.)
KUNS: PHILIP VAN DER MERWE (Dagbreek).
SPORT: GRAAFF OOSTHUIZEN (Dagbreek).

VERSLAGGEWERS:
NUUS: BRAAM LATEGAN (P.S.O.); ALBERT OCKERSE (Huis-Marais); MANIE ACKERMANN (Huis-Visser); JAN VOSLOO (Wilgenhof).
KUNS: JEAN MURRAY (Huis-De Villiers).
SPORT: AMELIA LUDOLF (Monica).

ADMINISTRASIE:
FINANSIES: JAN HUPKES (Huis-Visser).
ADVERTENSIES: KOOS BURGER (Huis-Visser).
SIRKULASIE: J. A. DU PLESSIS (Wilgenhof).
FOTOGRAFIE: BENNIE VAN RENSBURG (Dagbreek).
SPOTPRENTE: LOURENS DE VILLIERS (Wilgenhof).

VRYDAG, 13 MAART 1953


# „BOWE ALLES—DIEN"

„Laat ons dus belangstelling toon, laat ons ywerig wees, en laat ons bowe alles dien."

Met die woorde hierbo aangehaal, het mnr. Rudi Andrag, die Voorsitter van ons Studenteraad, sy kort toespraak by die formele opening van die Universiteit afgesluit.

Elke student aan hierdie Universiteit behoort aan hierdie woorde te kou en te herkou totdat hy die volle betekenis daarvan snap. Elke student behoort hierdie woorde sy leuse vir die jaar te maak.

Hier word baie gekla oor gebrek aan belangstelling. Verenigings wat 'n nuttige doel kan dien, loop dood omdat daar te min mense is wat belangstel. Groot take rus op die skouers van slegs enkele persone omdat daar te min belangstelling by andere is om te help. Ons sportklubs kan nie hul beste lewer nie — weereens weens gebrek aan belangstelling!

Maar nie slegs moet ons belangstel nie, ons moet ook sorg dat daardie belangstelling nie eensydig is nie en dat dit op dinge van werklike waarde gerig is. Ons mag nie al die aandag aan onbenullighede skenk nie!

**Blote belangstelling is egter nie genoeg nie. Morele steun is verblydend, maar aktiewe steun is van veel meer waarde.**

Daar is op Stellenbosch baie belangstelling in die Hospitaaljool wat voor hande is, maar hoe dikwels hoor ons nie: Hulle gaan my nie by 'n vlotbouery kry nie! Ek gaan nie blaaie verkoop nie!

Om waarlik tot diens van 'n ander te wees is miskien die hoogste vreugde wat 'n mens kan smaak. Waarom dan op Stellenbosch hierdie laksheid en gebrek aan belangstelling?

„Laat ons bowe alles **dien!**"

# Aangename Kennis!

Elke nuwe jaar bring nuwe gesigte na Stellenbosch. Oral waar mens gaan is daar nuwe stemme wat jou begroet, word nuwe glimlagte jou vriendelik aangebied.

Ongelukkig kan die seniors en juniors nie op hulle beurt ewe vriendelik wees nie, want daar is eers die „verwelkoming" wat afgehandel moet word.

Maar vandat die sotte al tot eerstejaars ontluik het, haal DIE MATIE beleefd sy hoed af.

Ons het u goed deurgekyk en hou van u.

Aangename kennis!




Diens!

Die diens wat ons lewer, is nie tot onmiddellike aflewering beperk nie. Ons rype ondervinding van byna meer as 'n halfeeu stel ons in staat om u van deskundige raad te bedien wanneer u uit ons voorraad die keurigste Wynsoorte, Spiritualieë, Bier en nie-alkoholiese drank vir u beter genot—en vir die waardering van u gaste, kies.

**VAN DER STEL - DRANKWINKEL**

*Eienaars: R. Santhagens Cape Limited. Opgerig in 1910.*

ANDRINGASTRAAT, STELLENBOSCH,
(Langsaan stadsaal) Telefoon 94.


# Oud-Maties Het Reeds Hul Kans Gehad

**„P.S.O. Dreytav" skryf:**

**EK is sommer lus vir „squeal." En dit omrede dat daar op Stellenbosch heelwat mense is wat hulself die reg toe-eien om sotte te doop.**

Onder hierdie groep resorteer werkende oud-Maties en Kweekskoolstudente wat nie meer ingeskrewe studente by die Universiteit is nie.

Nie dat ek juis hulle hul bietjie plesier wil ontneem nie, maar persoonlik dink ek dis baie „feeble" dat 'n man wat niks met ons te doen het nie, 'n sot gaan staan en rondruk en beveel. Hy het mos toeka al sy kans gehad en is nou klaar met die dinge van 'n kind.

My opinie is dat as hy nie sy hande en mond kan hou nie, hy liewers weg moet bly van die goed.

Van skoolkinders en nie-Maties wil ek nie eers praat nie. Myns insiens hoort skoolkinders glad nie daar toegelaat te word nie.

# Seniors Misbruik Dooptyd

**Eduan Hay, Huis-Marais, skryf:**

**Nog 'n dooptyd is verby, en weereens is dit op skandelike wyse deur die seniors misbruik. Orals waar ek die dopery aanskou het, was dit deurtrek van vuil grappe om nie eers te praat van die taal wat daar gebesig word nie.**

Ek vra u, besef ons altyd watter groot verantwoordelikheid ons op onsself neem deur daardie besoedelde gedagtes aan meestal onskuldige eerstejaars oor te dra.

Watter reg het ons, of liewer watter genot kry ons nou juis daaruit om die skoon en rein gedagtewêreld van menige eerstejaar ook tot dieselfde lae peil as ons s'n te bring, deur hulle te forseer om taal te gebruik wat miskien teen hulle beginsels mag wees?

As dit wel die geval is, en ek twyfel nie daaraan nie, dat die seniors vandag nie meer oorspronklik kan wees op 'n goeie manier nie, maar van vuiltaal gebruik moet maak, dan vra ek u, bestaan daar enige verdere regverdiging vir die dopery? .

Verstaan my goed, teen die dopery assulks het ek niks nie, maar as die dopery gepaard moet gaan met dinge soos die wat ek vanjaar weer aanskou het, dan is dit veel beter om die dopery geheel en al af te skaf!

## S.R.-LENINGS

**Persone wat geld wil leen van die Studenteraad moet die nodige vorm by mnr. Deetlefs, Universiteitskantoor, afhaal en dit voor of op Woensdag, 1 April daar inhandig.**

**Lenings word uitbetaal aan behoeftige en verdienstelike studente. Voorkeur word gegee aan persone wat finansiële ondersteuning van geen ander bron (bv. Universiteitslenings) ontvang nie.**

**Indien enige verdere inligting verlang word kan mnr. Deetlefs of mnr. B. Wunsh, Huis-Visser, daaroor gespreek word.**

**BASIL WUNSH.**
**(Tes., S.R.)**


Direct from the
LITTLE THEATRE
J. B. PRIESTLEY'S
THE
LINDEN
TREE
*Produced by*
**Rosalie van der Gucht**
at the
**BOTHA HALL**
**Saturday, 21st March**
at 8.15 p.m.
**Students: 2/-**
*Booking:*
**University Publishers**


# Buro van Verlore Goedere

Die Buro is nog in besit van heelwat goedere wat verlede jaar gevind is, onder andere 'n goeie leertas. Vanjaar is 'n rol komberse gevind.

Kom haal asseblief af by:
**D. VERMAAK,**
**Dagbreek 2/37.**

# WAT DINK U?

## FLIEKKAARTJIES

**TYDPERK: 16 — 19 MAART.**

Die volgende persone kry kaartjies vir die betrokke aande en moet hul kaartjies op Maandag, 16 Maart, tussen 12 middag en 1-uur nm. kom afhaal by die ondergetekende.

Maandag 16 Maart: Tom Barry, Gordon Frank, Laura de Kock, Alta Bredenkamp.

Dinsdag, 17 Maart: Dirk van Niekerk, Dirk de Beer, Ena Rossouw, Mariana Calitz.

Woensdag, 18 Maart: Protea Steyn, Hennie van Heerden, J. van Zyl Steyn, Magriet Landman.

Donderdag, 19 Maart: Nico van der Merwe, Alice Heyns, Chris de Beer, Mej. L. Behrens.

**TYDPERK: 23 — 26 MAART.**

Haal af op Maandag, 23 Maart, tussen 12 middag en 1-uur nm.

Maandag, 23 Maart: Chris Ehlers, Marietjie Liebenberg, Jeane Steyn, Graaf Oosthuyzen.

Dinsdag, 24 Maart: Faith Hill, Ena Visser, Marchand de Kock, Frik van Zyl.

Woensdag, 25 Maart: Helena Oelofse, Freddie van den Berg, B. Gillmore, Denise du Toit.

Donderdag, 26 Maart: James Starke, Ronel Pretorius, Laurette Heese, Anna Swart.

JAN PREUYT,
Dagbreek 4/23.

Sodra 'n alfabetiese lys van studente beskikbaar is, sal kaartjies hiervolgens uitgedeel word.

## DIE MATIE

**GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**

**TARIEF: 1/- vir eerste twaalf of minder woorde, daarna 1d. per woord ekstra. Hierdie advertensies moet by K. Burger, Huis-Visser, of by die Hoofredakteur ingehandig word.**

**WETENSWAARDIG**

Mev. A. M. Olivier, Van Riebeeckstraat 35 (Ou „House of Lords") verskaf etes aan studente. Belangstellendes kan haar persoonlik kom spreek.

**TE KOOP**

Aandpak (swart), lengte 5 vt. 8 dm., borsmaat 37 dm. Doen aansoek: De Beerstraat 20.

**TE HUUR**

Enkelmanskamer te huur. Doen aansoek Jonkershoekweg 31, Stellenbosch.





**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA136

# SPORTVOORUITSIGTE VIR 1953

*Deur ons Sportredakteur*

**IS ons op Stellenbosch eensydig of word aan alle afdelings van sport genoegsame aandag gegee? Soos enige oudstudent u kan meedeel is die goeie naam van ons Universiteit in gelyke mate met akademiese prestasies aan prestasies op die sportgebied gekoppel. Die sportprestasies van U.S. lok landswye bespreking.**

Die enigste antwoord wat ek op die vraag kan vind is negatief. Dit is nou maar so. Rugby is en bly ons nasionale sport en Matieland is geen uitsondering nie.

Op rugbygebied het ons 'n onoortreflike rekord onder die Universiteite. Kan ons egter dieselfde van die ander sportsoorte sê? Wat skeel dus en waar moet die fout gesoek word?

Die antwoord hierop is voor die handliggend en tweërlei van aard.

Daar is ten eerste die toeskouers. Honderde toeskouers stroom elke Saterdag na Coetzenburg. Onder dawerende toejuiging poog die spelers om hul beste te lewer.

Sommige Saterdae egter speel die eerste en tweede spanne weg van Stellenbosch. Hoeveel van hierdie toeskouers sal hul nou wend na die oefenplase van ander sportsoorte soos hokkie, sokker, skerm, ens., om ook daar die nodige aanmoediging te gee? 'n Geringe een of twee.

Daar word gekla oor 'n gebrek aan belangstelling by daardie spelers. Neem egter die toeskouers op Coetzenburg weg en kyk hoeveel lede die rugbyklub oorhou.

As daar miskien meer aandag en aanmoediging van die toeskouers kom sal Stellenbosch miskien op ander gebiede ook kan presteer soos op rugbygebied.


Wie is „ONS?" „ONS" rugby span is goed. „ONS" het so en so gedoen. Hierdie sogenaamde „ONS" kan of mag miskien nie rugby speel nie. As hierdie „ONS" net vir eenkeer sy „ONS-skap" wil bewys en sy eie deeltjie bydra op 'n ander sportgebied sal dit reeds veel vir Stellenbosch beteken.

U aanmoediging, geagte toeskouer kan en sal veel beteken en sal hoog waardeer word.

### KRIEKET

Ons kan slegs hoop dat die nuutopgewekte entoesiasme na die vyfde toets ook Stellenbosch gaan raak.

Verlede seisoen het Stellenbosch uiteindelik 'n turf-kolfblad gekry. Met hierdie struikelblok agter die rug en met 'n bietjie entoesiasme en aanmoediging van die kant van die studente is die W.P. Unie gretig om ons in hul liga op te neem, mits ons 'n waardige span in die veld kan stoot.



(Foto: Edrich)

*N. ZAAIMAN, die vinnige swaaibalbouler van Stellenbosch wat gekies is as lid van die gekombineerde S.A. Universiteite krieketspan.*

Melle kom, maar vele andere sal ook moet kom. Hoe lyk dit?

### ATLETIEK

Sedert die afgelope twee seisoene is die Matie-atletiekspan weer op die voorgrond, te danke aan staatmakers soos J. P. Terblanche.

Die Maties gaan die tweede helfte van hierdie seisoen tegemoet met die wete dat hul oor goeie materiaal beskik.

Daar is nog altyd die ou staatmakers soos Zach Joubert, Dawie Pypers en andere.

Nuwelinge van wie egter ook nog gehoor gaan word is seker Leon du Plessis, J. Ferreirra, Kuhn, B. Lategan en B. Krugel.

Du Plessis (18 jaar) het reeds vierkeer O.P. by die S.A. kampioenskappe verteenwoordig en het reeds hierdie seisoen op Oos-Londen die 100 tree in 10.2 sek. gehardloop. Ook Ferreirra het reeds Grens in die 100, 440 en verspring verteenwoordig. Kuhn het sy beste tye in die 440 en 880 treë opgestel.

B. Lategan is die houer van die W.P. O-19 gewigstoot rekord (afstand 44 voet) en het W.P. by die S.A. kampioenskappe verteenwoordig.

In hierdie afdeling is ook Ben Krugel, huidige houer van S.A. O. 17 gewigstoot rekord (46 voet 6 duim) beskikbaar. Hy het reeds Grens en W.P. verteenwoordig.

Nog 'n jong atleet wat vermelding verdien is Ben Piet van Zyl van Ficksburg.

Hierdie jong atleet het op sy eie die Harrison-beker vir sy skool op die O.V.S. kampioenskappe gewen. Die 80 meter hekkies O. 15 O.V.S.-rekord het hy ook met 15 sek. verbeter.

### TENNIS

Al waaroor die tennisklub kan gesels is John Lacey. Hierdie beskeie jong speler, voormalige No. 5 van Wits, gaan veel beteken vir die klub in die komende seisoen.

In 1950 was hy houer van die seuns O. 18 dubbelspel titel van Transvaal.

Saam met Katzen het Lacey in 1951 die finale in die dubbelspel op die S.A. Juniorkampioenskappe bereik. Hy het reeds Suid-Transvaal verteenwoordig.

## P.S.O.-TENNISKLUB

Die bestuur van die P.S.O.-tennisklub vir 1953 is as volg saamgestel:

**Voorsitter:** Alex Gerber.

**Ondervoorsitter:** Sarel Cilliers.

**Sekretaris:** J. van Jaarsveld.

**Tesourier:** Hennie Kriel.

**Add. Lede:** Rosemarie Hofmeyer, Susan Gerber en Piet Uys.

## BOFBALTOERNOOI

**Stellenbosch het besonder goed gevaar op die Interuniversitêre bofbaltoernooi verlede jaar in Durban gehou.**

Met reuse tellings van 18—0 teen Pretoria en 15—6 teen U.O.V.S. het hul die B-afdeling kafgeloop.



*GOOSEN, kranige gooier van die Matie-bofbalspan wat as lid van die W.P.-bofbalspan gekies is.*

In die eindwedstryd is hul egter 9—0 deur Natal verslaan en het dus tweede in die toernooi geëindig.

Vier van die Stellenbosch-span, nl. Evans, Goosen, Barry en Kuhn is gekies vir die gekombineerde universiteite-span.

Natal het die gekombineerde span 5—4 geklop.

Twee Maties, Goosen en Evans, het ook goed gevaar in verlede jaar se ligawedstryde. Goosen is as hulp gooier vir W.P. gekies.

### KENNISGEWING

Enigeen wat belangstel in sport en graag as sportmedewerker op die redaksie van DIE MATIE wil dien, moet asseblief so gou moontlik aansoek doen by die Sportredakteur:

GRAAFF OOSTHUIZEN,
Dagbreek.

### SWEM

Vanjaar het ons weer die onderskeiding behaal om twee verteenwoordigers in die W.P. span te kry: B. Gilmour vir rugslag (100 tree) en die belowende jong Coetzee vir duik.

## Bofbal-Intervarsity

**Vir die eerste keer sedert 1945 staan die Maties vanjaar 'n kans om Ikeys in die bofbal-Intervarsity te klop. Hierdie belangrike wedstryd vind op 21 Maart op Coetzenburg plaas.**

Die voorprogram bestaan uit 'n sagtebalwedstryd tussen Maties en Ikeys en 'n bofbalwedstryd tussen U.S. II en U.K. II.

Die hoofwedstryd begin om 4 nm.

Maties het Ikeys verlede Saterdag met 14—4 die loef afgesteek.

U.S. het vier verteenwoordigers en U.K. drie in die gekombineerde Universiteite - span. Beide klubs het 'n verteenwoordiger in die W.P.-span. Aan uitstekende spel sal daar dus geen gebrek wees nie.

Op 4 April kom 'n gekombineerde U.K.-U.S.-span teen 'n span van die res van W.P. te staan op Rosebank.

## Vol Swemprogram Lê Nog Voor

**Die swemseisoen spoed nou vinnig ten einde, dog vir die Maties lê daar nog 'n vol program voor.**

Op 28 Maart word die swem-intervarsity teen Ikeys in Kaapstad afgespeel. Die klimaks van die seisoen word in die Paasnaweek bereik wanneer die interuniversitêre toernooi op Wits plaasvind.

Na 'n paar moeilike seisoene, sal daar vanjaar egter geen tekort aan afrigters wees nie. Mej. Ann Ross, voormalige duikkampioene van die V.S.A., sal die duik en die afrigting van die dames waarneem.

## Nuwe Sport-Assistent

Vanjaar het ons weer, na 'n afwesigheid van 'n paar jaar, mnr. Piet Retief, oud-Matie-dirigent en lid van beide eerste hokkie- en tennisspan in ons midde.

Mnr. Retief is aangestel as sportassistent om mnr. Jannie Krige, sportsekretaris, met sy vele pligte behulpsaam te wees.

Mnr. Krige sal die bofbal, swem, atletiek, rugby en boks behartig terwyl mnr. Retief hokkie, tennis, krieket, stoei en netbal sal waarneem.

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKSBANK
BEPERK
(Geregistreer as 'n Handelsbank.)
OPGERIG 1882
ENIG VAN SY SOORT IN DIE UNIE
Bankiers vir die Universiteit van Stellenbosch, die Stadsraad, al die vernaamste Skool- en Losiesinrigtinge, Boere, Besighede, Nyweraars en ander.

| | |
|---|---|
| GEMAGTIGDE KAPITAAL — — — — | £20,000 |
| INGESKREWE KAPITAAL — — — — | £20,000 |
| OPBETAALDE KAPITAAL — — — — | £10,000 |
| RESERWEFONDS — — — — — | £94,500 |

DIREKTEURE
Die WelEd. Heer J. C. DE WAAL (Voorsitter),
Die WelEd. Heer J. G. CARINUS (D/sn.). Die WelEd. Heer P. K. MORKEL.
Die WelEd. Heer H. SCHOLTZ. Die WelEd. Heer L. F. VAN COPPENHAGEN.
AGENTSKAPPE IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN ELDERS
N.B.—Die Bank onderneem alle bankiersake teen baie billike terme, soos die uitwissel van tjeks getrek op enige Bank, en die oorstuur van geld na alle dele van die wêreld. Ook het hy 'n Spaarbankafdeling, besonderhede waarvan op aanvraag verkrygbaar is.
Volstrekte geheimhouding insake alle transaksies van die Bank en sy kliënte, is aan alle Direkteure en Amptenare van die Bank opgelê.

*Waar Goeie Klerasie Minder Kos.*
ALLEENAGENTE VIR VEKA
VOORRAADHOUERS VAN EMBASSY-PAKKE
EN CONSULATE-HEMDE
*Ons Kleremakersafdeling waarborg Tevredenheid of u Geld terug.*
DIE EIKESTADWINKEL BPK.
PLEINSTRAAT — STELLENBOSCH

RAADPLEEG
FIELD'S OOGKUNDIGES
vir BETROUBARE DIENS
en
• AFSLAG van 5% op OPTIESE DIENS •
VIR STUDENTE
Pleinstraat 59 (Langs Suikerbossie-Kafee)

MAKERS VAN GOEIE KLERE CARL BERGH




Deur OKTAAF SPEKTRUM

Soos gewoonlik is ons mos almal weer hierdie tyd van die jaar uit op soek na talent.

Daarom dat die B-mus. I ure lank voor die klavier moet sit en boeremusiek speel, 'n ander een so elke dan en wan sy stem ter mane moet verhef en 'n ander een weer vir die soveelste keer die eerste versie van sy matriek-I. D. du Plessis-gedig moet lewer.

En die snaaksste van alles is dat hulle soms nogal regtig goed, en selfs daarin slaag om later prominente lede van die studente-samelewing te word.

Sulke dinge laat 'n mens darem weer moed kry vir die toekoms.

Ek weet nie van julle nie, maar ek verlang darem maar sterk terug na verlede jaar met die fees en al die uitstallings, musiekkonserte, ens.

Daar is darem ook baie om vanjaar na uit te sien.

### *Musiekvereniging*

Die musiekvereniging wat ons verlede jaar in staat gestel het om baie van bogenoemde feeskonserte by te woon, is ook nou daarvoor verantwoordelik dat Elise de Villiers sal optree as solis in Max Bruch se vioolkonsert met die eerste plaaslike uitvoering van die stadsorkes vanjaar.

Hierdie besluit van die musiekvereniging om die koste te help dra vir 'n paar soliste per jaar, verdien beslis ons gelukwense.

### *Stadsorkes*

Ja, die stadsorkes is weer hier, maar elke jaar sal daar seker maar weer opnuut geveg moet word om dit hier te behou.

Laat ons die belangstelling vanjaar egter so sterk hou, dat daar teen die einde van vanjaar weinig rede vir klagte sal kan wees. Koop baie seisoenkaartjies (daar is nog tyd), pak die saal vol en juig Jorda somaar ure toe!

### *Filmvereniging*

Dit laat my dink aan nog 'n vereniging wat glad te min steun van die studente kry.

Teen hierdie tyd het die Filmvereniging reeds hulle eerste vertoning gehou.

Later vertoon hulle o.a. ook nog die „Dreigroschenoper" van Pabst, 'n Duitse spelleier wat reeds in die dae van die ou stilfilmbedryf, beroemdheid verwerf het.

Hierdie Duitse verwerking van **The Beggar's Opera,** met musiek van Kurt Weill, behoort ook veral interessant te wees.

### *Besoekers*

Maggie Laubser sal vanjaar glo weer hier uitstal, en sy sal seker maar een van baie wees.

Dan wag daar ook nog vir ons besoeke van Mischa Elman (viool), Jussi Björling (tenoor) en Victoria de los Angeles (sopraan) wat miskien die enigste werklike groot sangeres onder die jongeres is.

Teenoor haar fleur, hoop ons om ook vir Kirsten Flagstadt te hoor wat glo glad nie meer op haar beste is nie; maar soos iemand my nou die dag sê: Flagstadt se baie sleg is nog 'n ander een se baie goed.

### *Opera*

Die Carl Rota-geselskap gaan vanjaar vir Il Trovatore (Verdi) en Carmen (Bizet) opvoer.

Daar is ook gerugte dat daar weer vanjaar 'n Italiaanse opera-geselskap hierheen gebring sal word soos voorverlede jaar. Vir almal wat die opvoerings met die vorige besoek bygewoon het, sal dit seker baie goeie nuus wees.

### *Arnold van Wyk*

Ek sien dat Arnold van Wyk ook nou weer terug is na verlof in Europa.

Ons hoop egter dat sy besoek aan Europa hom met heelwat nuwe idees en nuwe ywer laat terugkeer het; hy was die laaste tyd alte onbedrywig.

Hy gaan hom glo nou veral op vokale komposisie toelê en het reeds 'n sangsiklus voltooi, maar hopelik sal ander werke darem nie heeltemal agterweë bly nie.

In elk geval, gebruik die jaar ten volle, geniet alles van Zarah Leander tot Bartok, van P. G. Wodehouse tot Shakespeare — en moenie die ander talente vergeet nie.

### *Platevereniging*

Volgende Donderdag hou die platevereniging dan ook hulle eerste vergadering van die jaar en hier sal dr. Con de Villiers weer optree.

DIE
PANORAMA-KAFEE
Algemeen bekend as „The Pan," heet alle nuwe studente welkom en groet alle ou vriende!
ELKE DAG TOT U DIENS (insluitende Sondae) VANAF 8.30 vm. TOT 11.30 nm.
● MAAK DIE PANORAMA U VERGADERPLEK VIR ALLE GELEENTHEDE
Altyd onder die Persoonlike Toesig van die Eienaars: MNR. EN MEV. E. W. BURTON.
ANDRINGASTRAAT STELLENBOSCH
Foon 1091

# VOORTBESTAAN VAN KONSERTE HANG AAN DUN DRAADJIE

**DIE voortbestaan van die reeks konserte van die Kaapse Stadsorkes op Stellenbosch bly maar gedurig aan 'n dun draadjie hang. Of die konserte aanstaande jaar nog sal plaasvind, hang tot 'n groot mate van vanjaar se bywoning af.**

Stellenbosch het rede om trots te wees op die wyse waarop musiekkonserte en ander kulturele sake ondersteun word.

As die aantal gereelde ondersteuners gesien word in verhouding tot die bevolkingsyfer, die studenteliggaam ingesluit, vertoon ons nie so swak nie — veel beter as Kaapstad byvoorbeeld.

Maar dit neem die feit nie weg nie dat ons groot gevaar loop om die konserte te verloor en dat 'n doelbewuste poging, volgehou van jaar tot jaar, noodsaaklik is om dit te voorkom.

**EERSTE KONSERT**

Die eerste konsert van vanjaar se reeks vind Vrydag, 20 Maart onder leiding van mnr. Jorda plaas en het 'n besondere betekenis vir Stellenbosch, aangesien Elize de Villiers by dié geleentheid as soliste optree in 'n uitvoering van Max Bruch se vioolkonsert.

Bekend om haar ferme, intelligente spel en aantreklike verhoogspersoonlikheid, is sy ongetwyfeld 'n sterk lokmiddel vir enige konsertganger.


ENRIQUE JORDA

## Nuwe Bestuur vir Musiekvereniging

**'n Radikale skommeling het in die bestuur van die Musiekvereniging plaasgevind.**

Drie lede, t.w. die voorsitter, Liebie Louw, die vise-voorsitter, Rina Minnie en die tesourier, Bennie Hart, het uit die bestuur bedank omdat hulle weens onvermydelike omstandighede Stellenbosch moes verlaat.

Die drie nuwe lede wat verkies is om hulle plekke in te neem is Dina van Eeden, Barend Wasserman en Helmuth Schwär.

Johan Potgieter is gekies tot voorsitter van die vereniging vir 1953.

## "THE LINDEN TREE"

**"The Linden Tree" is to be presented at the Botha Hall, Stellenbosch on Saturday, 21st March, at 8.15 p.m.**

This is a most interesting and well chosen play as a first production in the new year. Especially since it is being presented in a University town.

It tells the story of an ageing University Professor in an English Provincial town, and of his family, each influenced in a different way by the post-war world.

The audience feels as the play progresses that they have become on familiar terms with the characters, and are almost in the room with them.

# SANGFEES IN NOORDWESTE

**DIE Junie-toer van die Universiteitskoor was so suksesvol dat daar besluit is om ná die eindeksamen weer 'n toer te onderneem en wel een na die Noordweste. Ten spyte van die ongerief wat so 'n toer sou meebring, was 'n veertigtal studente dadelik gereed om die mense in daardie afgeleë dele iets te gaan bring van ons jaarlikse Sangfees en terselfdertyd die Langenhoven-Gedenksaalfonds te styf.**

So tussen die eksamen deur is geoefen en op Maandag, 24 November is die groep weg met twee skoolbusse, op die eerste skof.

Op Malmesbury en Moorreesburg was die opkomste maar swak, want die boere was besig om te oes, maar verder was die mense oral baie entoesiasties.

Plekke wat nog besoek is, is Porterville, Citrusdal, Clanwilliam, Vredendal, Calvinia, Carnarvon, Victoria-Wes, Beaufort-Wes, Laingsburg en De Doorns.

Die koor het beskik oor die dienste van 'n hele paar baie bekwame sangsoliste, nl. Louisa le Roux, Marie Swart en Edie Olivier.

Die begeleidster was Andriëtte Snyman wat haar uitstekend van haar taak gekwyt het.

Helena Bosman het baie byval by die gehore met haar luimige voordragte gevind.

Op Vredendal, waar die koor die naweek oorgebly het, het hul in die kerk opgetree en 'n kollekte is aan hul afgestaan.

Op Calvinia weer, het die koor die nuwe pastorie gaan inwy.

## UNIVERSITEITSKOOR

**Die Universiteitskoor onder die leiding van dr. G. G. Cillie jnr. het reeds met die jaar se oefeninge begin.**

Die ledetal bestaan uit persone wat belangstel in koorsang en 'n goeie kennis van musiek of sang is nie 'n vereiste nie. Slegs maar geesdrif en gewilligheid om gereeld te kom oefen word verlang.

Die koor se gereelde oefentye is Dinsdagaande om 6.45 in die Opvoedkunde-gebou.

HEPWORTHS BPK.
Die Moderne Mansuitrusters bied u
KWALITEIT EN DIENS

Beter Tabak maak Beter Sigarette


Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerste-graadse tabak.
Kommando
61-300

# Byt, Vissie, Byt



*„Daar is baie visse in die see, maar bloedweinig in die voor!" sê Leonora Loock en Brenda Heyns, en die leë pannetjie stem saam. Sodra hul egter die sot-klere kan uittrek, is die twee vas van plan om meer aandag aan die visse in die see te bestee.*

# Drie Kêrels By Een Nooi

## Gerieflike Manier van Kommunikasie Ontbreek

**IN hierdie verligte eeu met uitvindsels soos telegraaf, telegram en televisie is daar 'n ander baie belangrike tele- wat in ons studentesamelewing 'n belangrike rol speel. In hoeverre dit goed is, sal ons kortliks probeer skets.**

U het reg geraai. Dit is 'n telefoon. Die eenvoudige rede waarom so 'n nietige voorwerp die onderwerp van ons bespreking geword het is die feit dat een van ons nuwere dameskoshuise sonder hierdie voorwerp sit.

Vir die van ons in wie se lewens die telefoon so'n belangrike rol speel, sal soiets seker as 'n skok kom.

Stel jou voor dat hierdie gerieflike manier van kommunikasie met jou meisie verbreek moet word!

### ONONTGINDE MYN

In die geval van die betrokke koshuis is die gevolge egter baie groter.

Met so'n skat vol talent, en dit nogal baie nuwe talent, staan die koshuis as 't ware soos 'n onontginde myn.

**Dis asof almal net wag op die koms van 'n telefoon om die plek uitmekaar te skiet.**

Onder die duisende mans is daar sommer honderde wat eenvoudig nie die moed het om persoonlik die klok te gaan druk en sy gedaante vir die meisie te wys nie.

Heeltemal 'n ander probleem is egter ook geskep. As gevolg van die gebrek aan so'n verbinding, staan daar soms saans honderde mans rond en elkeen probeer sy bes om 'n meisie geskiet te kry.

### REEDS TWEE

'n Sekere kêrel het weer die volgende klagte ingedien: Hy het naamlik om 'n sekere dame gevra, iets wat natuurlik sigself al 'n reuse taak is.

**Tot die wrede ontnugtering moes hy toe geraak dat daar reeds twee ander manne was wat dieselfde meisie ontbied het!**

Voor die ganse gemeente daar versamel het hy van skaamte die gees gegee en byna met die deurposte weggeloop.

Hy het plegtig belowe om nie weer daar gesien te word nie.

Die dames is oor hierdie verskynsel baie bly en tog nie bly nie.

Aan die eenkant is daar nie juis gevaar dat sy toe oë in 'n „blind date" sal vasloop nie.

Aan die ander kant, 'n mens sê tog so maklik nee oor 'n telefoon.

Daar word darem verwag dat sommige dameskoshuise op huisvergaderings 'n mosie sal deurvoer om hul telefoons af te skaf.

### TELEPATIE

Blykbaar is die Departement van Pos- en Telegraafwese nie bewus van die reuseverliese wat hy besig is om te ly as gevolg van die feit dat die grootste dameskoshuis op Stellenbosch sonder 'n telefoon is nie.

Indien so'n toestand lank voortduur sal 'n nuwe rigting van die wetenskap beslis vinnig vooruitgang maak. Daar is reeds manne wat poog om telepaties hul meisies te laat weet as hul wil kom kuier.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

# Skinderstories

MIRRAG SÊ,

Dis darem eersteklas om terug te wees hiersô. Wens net ek het so 'n verwelkoming soos **Monica Stemmet** gekry. Net jammer hier is so baie dinge om te doen want ek moes alweer nou die dag my eerste klas mis.

Praat van dinge doen, mag maar die mense het darem tekere gegaan in die vakansie. **Hannes Naude** is glo op Richmond as Karoobos-koningin verkies. Joos weet wat dit bedui.

**Jaap Dreyer** weer besoek 'n spookhuis in Bainskloof om halfeen die nag. Hulle sê hy was nie alleen nie. Meer prosaïes egter was die koskokery van **Petra** vir **Ted.** Dit blykbaar omdat **Leonie Kuit** nie daar was nie.

Nou is daar 'n geval van 'n man soos **Hennie Nel** met sy driemaande plan waarin die S-element 'n groot rol speel bv. swem, sing . . . eee . . .

Gesprek tydens 'n softine-parade: „Wie is daardie groot ou?" **„Dawie Ackerman."** „O, is dit die hero van Stellenbosch!"

Ekself weet niks wat aangaan nie, maar **Sonia Bodemer** weet te vertel dat 'n paar „beige"-skoene soms lyk soos telefoonpale.

Die ergste wat ek al gehoor het, en ek het al erg gehoor, was van ons ou vriend **Brainerd Liebenberg**, wat in die vroeë oggendure in Margate se hoofstraat met hand bokant die oog staan om 'n rondlopervark as een van ons volk se jong dogters te identifiseer.

As ek dan oor akademie moet gesels, geluk aan **Judy Greeff** met haar spesiale onderskeiding(!) in Geografie I.

Het julle gehoor? „Five-bob" is nou nie eers meer „ten-bob" nie maar wel 'n pond. Dit weet **Graaff** al te goed. Wat hy nog weet is dat **Jean** en sy kys ook maar die weg van alle kyste gegaan het.

Tot my leed moes ek uitvind dat Lydia nog sonder telefoon is of was en dat ek dus daar niemand kan „uitturn" nie. **Thys Delport** maak nie eers 'n bestelling soos ek nie, maar stap sommer soontoe, net om uit te vind dat die meisie reeds 'n ander kêrel het.

Kyste is deesdae glad te volop. Net ek wat nog sukkel. Onthou my foonnommer is 00006. Nietemin, geluk aan **Vida** met die herstelling van die ou vrede. Dieselfde ding het ook met **Annabee du Toit** en **Piet van Zyl** gebeur.

Die sotte het ook al iets te sê op Stellenbosch. Ek sien daar's 'n ou in die briewekolomme wat vir hulle party trek. Dit is seker maar 'n sot.

Ieder geval, hulle sê **Juliana Terblanche** wil **Marianne Calitz** se „game spoil" by ons vriend **Meyer.** Hulle (en g'n hond weet wie „hulle" is nie) sê verder dat **Jan Liebenberg** niks daarvan weet nie.

'n Ander sottin, **Petra van Niekerk**, kom toe tot die fantastiese konklusie dat **Kotie Pienaar** Sonop se Saul is.

Soos reeds gesê, baie manne het baie dinge geleer. **Broekies de Villiers** is al 'n „hot" kêrel want hy staan sy meisie 'n „coke."

**Vissie Visser** verklaar dat hy arm aan geld van Suidwes terugkom, maar ryk aan ondervinding is. Willa, Willa.

By Monica kuier deesdae glo predikante. Die suster wat besoek moet word is **Erna.**

Baie mense is verloof. Gevolglik stel ek nie meer verder belang nie. Ek sal darem maar moet sê geluk aan **Dora Eksteen,** verloof aan **„Mnr. Enrique Jorda"** en ook **Dona Mouton.**

Kyk, pêrre, vanjaar vat ek die akademie sterk. Ek het nog net twee klasse gebunk en ek was al een aand in my kamer. Dus het ek nie meer tyd vir klei verkoop nie.

Au Revoir en onthou — „There aint no love without a song."

Van

RONDLOPER

WEES BETER GEKLEE — MAAR BETAAL MINDER

HOE?

HIER IS DIE ANTWOORD:

AFGEKEURDE FABRIEKSKLERE VAN DIE BESTE KWALITEIT. Skaars merkbaar beskadig.

MANS: Hemde, Slaapklere, Onderklere, Sokkies, Broeke, Kortbroeke, ens.
DAMES: Rokke, Nagklere, Bloese, Onderklere, Kamerjaponne, ens.

VERKRYGBAAR BY

DAWSON'S VAN PAROW

TWEE WINKELS

Bushalte 53 VOORTREKKERWEG, PAROW en Wesselstraat, PAROW-OOS

UITSTALLING VAN SKILDERYE

JOHANN ENGELA

in die

Ruskamer, C.S.V.-gebou

18 — 21 Maart 1953

OPENING deur

PROF. F. J. M. POTGIETER

van die Kweekskool.

Laat ons vir u Oë Sorg

Die moderne lewensomstandighede verg dat 'n mens duidelik en sonder inspanning moet kan sien. Maak seker van u gesigsvermoë deur middel van:

* OOGONDERSOEK
* OOGTOETSE
* VERKRYGING VAN DIE KORREKTE BRIL, INDIEN NODIG

Die moderne gekwalifiseerde optometris (oogkundige) is spesiaal opgelei om u te help met u gesigsprobleme.

Vir die inligting van die publiek word die volgende lid van die Vereniging te Stellenbosch toegelaat om die simbool van die Vereniging, soos hier afgebeeld, te vertoon en die letters „F.O.A. (S.A.)" te gebruik.

D. E. THERON, Bestuurder
(J. MULLER en SEUNS (Eiens.) Bpk.)
United-gebou, Pleinstraat.

Geplaas met goedkeuring van die S.A. Oogkundige Vereniging